



Offisiële Koerant



Official Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRYS: S.A. 75c Plus 9c A.V.B. OORSEE: 95c

Vol. 233

PRETORIA

28 NOVEMBER
28 NOVEMBER

1990

4724

OPENBARE VAKANSIEDAE

BELANGRIKE AANKONDIGING

SLUITINGSDATUM VAN ADMINISTRATEURSKEN-NISGEWINGS, ENSOVOORTS

Aangesien 25 en 26 Desember 1990 Openbare Vakansiedae is, sal daar op Woensdag 26 Desember 1990 geen uitgawe van die Proviniale Koerant verskyn nie.

Aangesien 1 Januarie 1991 'n Openbare Vakansiedag is, sal die sluitingsdatum vir die aanname van kennisgewings soos volg wees:

10:00 op Dinsdag, 18 Desember 1990, vir die uitgawe van die Proviniale Koerant van Woensdag, 2 Januarie 1991.

10:00 op Vrydag, 28 Desember 1990, vir die uitgawe van die Proviniale Koerant van Woensdag, 9 Januarie 1991.

Direkteur-generaal

OFFISIELLE KOERANT VAN DIE TRANSVAAL
(Verskyn elke Woensdag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Direkteur-generaal, Transvaalse Proviniale Administrasie, Privaatsak X64, Pretoria, geadresseer word en indien per hand afgelewer, moet dit op die Vyfde Vloer, Kamer 515, Ou Poyntongebou, Kerkstraat, ingedien word. Gratis eksemplare van die *Offisiële Koerant* of uitknipsels van advertensies word nie verskaf nie.

Intekengeld (vooruitbetaalbaar) met ingang 1 Januarie 1989.

Transvaalse *Offisiële Koerant* (met ingebrip van alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

Jaarliks (posvry) — R40,00 plus AVB.

Zimbabwe en Oorsee (posvry) — 85c elk plus AVB.

Prys per eksemplaar (posvry) — 75c elk plus AVB.

Verkrybaar by 5e Vloer, Kamer 515, Ou Poyntongebou, Kerkstraat, Pretoria 0002.

Sluitingstyd vir Aanname van Advertensies

Alle advertensies moet die Beampte belas met die *Offisiële Koerant* bereik nie later nie as 10:00 op Dinsdag 'n week voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat ná daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week.

Advertensietariewe met ingang van 1 Januarie 1989

Kennisgewing wat volgens Wet in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word:

PUBLIC HOLIDAYS

IMPORTANT ANNOUNCEMENT

CLOSING TIME FOR ADMINISTRATOR'S NOTICES,
ETC

As 25 and 26 December 1990 are Public Holidays, there will be no issue of the Provincial Gazette on Wednesday 26 December 1990.

As 1 January 1991 is also a Public Holiday the closing time for acceptance of notices will be as follows:

10:00 on Tuesday, 18 December 1990, for the issue of the Provincial Gazette on Wednesday, 2 January 1991.

10:00 on Friday, 28 December 1990, for the issue of the Provincial Gazette on Wednesday, 9 January 1991.

Director-general

OFFICIAL GAZETTE OF THE TRANSVAAL
(Published every Wednesday)

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Director-General, Transvaal Provincial Administration, Private Bag X64, Pretoria, and if delivered by hand, must be handed in on the Fifth Floor, Room 515, Old Poynton Building, Church Street. Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of advertisements are not supplied.

Subscription Rates (payable in advance) as from 1 January 1989.

Transvaal Official Gazette (including all Extraordinary Gazettes) are as follows:

Yearly (post free) — R40,00 plus GST.

Zimbabwe and Overseas (post free) — 85c each plus GST.

Price per single copy (post free) — 75c each plus GST.

Obtainable at Fifth Floor, Room 515, Old Poynton Building, Church Street, Pretoria, 0002.

Closing Time for Acceptance of Advertisements

All advertisements must reach the Officer in Charge of the *Provincial Gazette* not later than 10:00 on the Tuesday a week before the Gazette is published. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week.

Advertisements Rates as from 1 January 1989

Notices required by Law to be inserted in the *Official Gazette*:

Dubbelkolom — R5,00 per sentimeter of deel daarvan.
Herhaling — R4,00.

Enkelkolom — R4,50 per sentimeter. Herhaling — R3,00.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Direkteur-generaal, Privaatsak X225, Pretoria 0001.

C G D GROVÉ
Namens Direkteur-generaal
K5-7-2-1

Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgwing 575 28 November 1990

TRANSVAALSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE

VERKLARING VAN GROND INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 6 VAN DIE WET OP DIE VOORKOMING VAN ONREGMATIGE PLAKKERY, 1951 (WET 52 VAN 1951)

Kragtens die bevoegdheid my verleen ingevolge artikel 6 van die Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery, 1951 (Wet 52 van 1951) word die grond in die Bylae omskryf hierby as 'n deurgangsgebied verklaar.

GO 15/12/3/3/4

BYLAE

'n Gedeelte van Gedeelte 129 van die plaas Rietfontein 301 IQ (Landmetergeneraal Kaart A7045/83) wat geleë is ten ooste van Pad K46, ten suide van Lenasia Uitbreiding 9 en ten noorde van Lenasia Uitbreiding 10.

Administrateurskennisgwing 576 28 November 1990

WET OP DIE VOORKOMING VAN ONREGMATIGE PLAKKERY, 1951 (WET NO. 52 VAN 1951)

Ingevolge artikel 6(6) van die Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery, 1951 (Wet No. 52 van 1951), vaardig die Administrateur die Regulasies in die Bylae hierby uiteengesit, uit.

BYLAE

REGULASIES BETREFFENDE DEURGANGSGBIEDE: 'N GEDEELTE VAN GEDEELTE 129 VAN DIE PLAAS RIETFONTEIN 301 IQ

Woordomskrywing

1. In hierdie Regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —
 - (1) "Administrateur" die persoon ingevolge artikel 7(1) van die Wet op Proviniale Regering, 1986 (Wet No. 69 van 1986), as die Administrateur van die Provincie Transvaal aangestel, handelende in oorleg met die ander lede van die Uitvoerende Komitee van die Provincie Transvaal;
 - (2) "bewoner" die houer van 'n perseel- ofloseerderspermit;
 - (3) "die Wet" die Wet op die Voorkoming van onregmatige Plakkery, 1951. (Wet No. 52 van 1951);

Double column — R5,00 per centimetre or portion thereof. Repeats — R4,00.

Single column — R4,50 per centimetre. Repeats — R3,00.

Subscriptions are payable in advance to the Director-General, Private Bag X225, Pretoria 0001.

C G D GROVÉ
For Director-General
K5-7-2-1

Administrator's Notices

Administrator's Notice 575 28 November 1990

TRANSVAAL PROVINCIAL ADMINISTRATION

Declaration of Land in Terms of the Provisions of Section 6 of the Prevention of Illegal Squatting Act, 1951 (Act 52 of 1951).

In terms of the powers conferred upon me by section 6 of the Prevention of Illegal Squatting Act, 1951 (Act 52 of 1951) the land defined in the Schedule is hereby declared as a transit area.

GO 15/12/3/3/4

SCHEDULE

A portion of Portion 129 of the farm Rietfontein 301 IQ (Surveyor-General Diagram A7045/83) situated to the east of Road K46, to the south of Lenasia Extension 9 and to the north of Lenasia Extension 10.

Administrator's Notice 576 28 November 1990

PREVENTION OF ILLEGAL SQUATTING ACT, 1951 (ACT NO. 52 OF 1951)

In terms of section 6(6) of the Prevention of Illegal Squatting Act, 1951 (Act No. 52 of 1951), the Administrator hereby issues the Regulations set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

REGULATIONS CONCERNING TRANSIT AREAS: A PART OF PORTION 129 OF THE FARM RIETFONTEIN 301 IQ

Definitions

1. In these Regulations, unless the context otherwise indicates —
 - (1) "Administrator" shall mean the person appointed in terms of section 7(1) of the Provincial Government Act, 1986 (Act No. 69 of 1986) as the Administrator of the Province of Transvaal, acting in consultation with the other members of the Executive Committee of the Province of Transvaal;
 - (2) "area" shall mean the transit area which is defined in Schedule I to these Regulations;
 - (3) "building" shall mean any structure in the transit area irrespective of the material from which it has been manufactured, erected, or built and which is intended or used for human occupation, or any portion of such a structure;

- (4) "gebou" enige struktuur in die deurgangsgebied van welke materiaal dit ook al vervaardig, opge rig of gebou is wat vir menselike bewoning bedoel is of aangewend word of enige gedeelte van sodanige struktuur;
- (5) "gebied" die deurgangsgebied in Bylae I by hierdie Regulasies omskryf;
- (6) "gesin" met betrekking tot 'n bewoner;
 - (a) die vrou of enige ongetroude kind van die bewoner;
 - (b) enige getroude kind of ander nasaat van die bewoner of sy vrou wat op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Regulasies by die bewoner inwoon; en
 - (c) enige ouer of voorsaat van die bewoner of sy vrou;
- (7) "komitee" die komitee ingevolge regulasie 28(1) ingestel;
- (8) "loseerde" die houer van 'n loseerderspermit;
- (9) "loseerderspermit" 'n permit ingevolge regulasie 5(1)(b) uitgereik;
- (10) "inspekteur" 'n persoon bedoel in artikel 53(1) van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet No. 63 van 1977);
- (11) "perseel" met betrekking tot 'n gebou, enige stuk grond waarop die gebou bestaan, deur die aange wese beampete aangewys;
- (12) "perseelpermit" 'n permit ingevolge regulasie 5(1)(a) uitgereik;
- (13) "streekverteenvoordiger" die streekverteenvoordiger van die tak Gemeenskapsontwikkeling van die Transvalse Proviniale Administrasie wat in Johannesburg gesetel is;
- (14) "superintendent" die persoon ingevolge regulasie 2(1) aangestel;
- (15) "vrou" ook die deelgenoot in 'n gebruiklike ver bintenis soos in artikel 35 van die Swart Adminis trasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), omskryf;

en het enige ander woord of uitdrukking die betekenis wat in die Wet daaraan geheg word.

Aanstelling en werksaamhede van superintendent

- 2. (1) Die Administrateur stel 'n superintendent vir die gebied aan.
- (2) Die superintendent moet, onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die Administrateur —
 - (a) die gebied ooreenkomsdig die bepalings van hierdie Regulasies administreer en bestuur;
 - (b) enige skriftelike klagte of aanbeveling wat van tyd tot tyd deur 'n bewoner aan hom gerig word aan die streekverteenvoordiger voorlê;
 - (c) vir die inligting van die bewoners 'n afskrif van hierdie Regulasies in beide amptelike tale op 'n kennisgewingbord in die gebied laat vertoon en dit in stand hou.
- 3. (1) Binne 21 dae na die inwerkingtreding van hierdie Regulasies, laat die superintendent

- (4) "committee" shall mean the committee established in terms of regulation 28(1);
 - (5) "family" in respect of an occupier, shall mean —
 - (a) the wife or any unmarried child of the occupier;
 - (b) any married child or other descendant of the occupier or his wife who resides with the occupier on the date upon which these Regulations come into effect;
 - (c) any parent or other ancestor of the occupier or his wife;
 - (6) "inspector" shall mean a person contemplated in section 53(1) of the Health Act, 1977 (Act No. 63 of 1977);
 - (7) "lodger" shall mean the holder of a lodger's permit;
 - (8) "lodger's permit" shall mean a permit issued in terms of regulation 5(1)(b);
 - (9) "occupier" shall mean the holder of a site permit; or a lodger's permit
 - (10) "regional representative" shall mean the regional representative of the Community Development Branch of the Transvaal Provincial Administration, stationed in Johannesburg;
 - (11) "site" in respect of a building shall mean any piece of land on which the building is situated and designated by the designated officer;
 - (12) "site permit" shall mean a permit issued in terms of regulation 5(1)(a);
 - (13) "superintendent" shall mean the person appointed in terms of regulation 2(1);
 - (14) "the Act" shall mean the Prevention of Illegal Squatting Act, 1951 (Act No 52 of 1951);
 - (15) "wife" shall include the partner in a customary union as defined in section 35 of the Black Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927);
- and any other word or expression shall have the meaning ascribed thereto by the Act.

Appointment and functions of superintendent

- 2. (1) The Administrator shall appoint a superintendent for the area.
- (2) The superintendent shall, subject to the control and directives of the Administrator —
 - (a) administer and manage the area in accordance with these Regulations;
 - (b) submit to the regional representative any written complaint or recommendation which is delivered to him from time to time by an occupier;
 - (c) for the information of the occupiers display and maintain copies of these Regulations in both official languages on a notice board in the area.

Survey

- 3. (1) Within 21 days after the commencement of these Regulations, the superintendent shall cause a sur

- 'n opname maak ten einde die volgende besonderhede te verkry ten opsigte van elke persoon wat in die gebied woon;
- (a) volle naam;
 - (b) geslag;
 - (c) ouderdom of, indien die ouderdom nie bepaal kan word nie, die ouderdom soos deur die superintendent geskat;
 - (d) naam en adres van die persoon se werkgewer, indien die persoon werksaam is;
 - (e) die bruto weeklikse of maandelikse inkomste van die bewoner van die betrokke gebou en sy gesin;
 - (f) die verwantskap van die persoon met die eienaar, huurder of ander persoon wat, na die mening van die superintendent, in beheer van die betrokke gebou is.
- (2) Die eienaar, huurder of ander persoon wat na die mening van die superintendent in beheer van 'n gebou is verstrekk die inligting in subregulasie (1) beoog aan die persoon wat die betrokke opname maak ten opsigte van elke persoon wat in die gebou woon.

Nommering van gebou

4. Die superintendent ken 'n nommer aan elke gebou toe en laat die nommer ten alle tye op koste van die Transvalse Proviniale Administrasie duidelik en leesbaar aan die buitekant van die gebou vertoon.

Uitreiking van permit

5. (1) Binne 14 dae nadat die opname in regulasie 3(1) beoog ten opsigte van 'n gebou voltooi is, reik die superintendent —
- (a) 'n skriftelike perseelpermit uit aan die eienaar, huurder of ander persoon wat, na sy mening, in beheer van die gebou is;
 - (b) 'n skriftelike loseerderspermit uit aan die hoof van elke gesin wat in die gebou woon en wat nie 'n lid is nie van die gesin van die persoon in paragraaf (a) beoog.
- (2) Elke permit kragtens subregulasie (1) uitgereik, bevat
- (a) (i) die volle naam en geslag;
 - (ii) die ouderdom of, indien die ouderdom nie bepaal kan word nie, die ouderdom soos deur die superintendent geskat,
van die bewoner en elke lid van sy gesin;
 - (b) die nommer van die gebou waarin die bewoner en sy gesin woon.

Verblyf in gebied

6. Na verstryking van 'n tydperk van 30 dae vanaf die inwerkingtreding van hierdie Regulasies, mag niemand, uitgesonderd 'n bewoner en sy gesin, in die gebied oorlog nie, behalwe met die goedkeuring van die superintendent.

Magtiging verleen deur perseelpermit

7. 'n Perseelpermit magtig die houer en sy gesin om, behoudens die bepalings van hierdie Regulasies, die gebou te bewoon.

vey to be conducted in order to obtain the following particulars in respect of every person who resides in the area:

- (a) Full names;
 - (b) Sex;
 - (c) Age or, if the age cannot be determined, the age as estimated by the superintendent;
 - (d) If the person is employed, the name and address of his employer;
 - (e) The gross weekly or monthly income of the occupier of the building concerned and his family;
 - (f) The relationship of the person to the owner, lessee, or other person who, in the opinion of the superintendent, is in charge of the building concerned.
- (2) The owner, lessee, or other person who, in the opinion of the superintendent, is in charge of the building, shall in respect of every person who resides in the building furnish the information contemplated in subregulation (1) to the person who conducts the survey.

Numbering of building

4. The superintendent shall allocate a number to every building and shall, at the cost of the Transvaal Provincial Administration, cause the number at all times to be displayed clearly and legible on the outside of the building.

Issue of permit

5. (1) Within 14 days after completion of the survey contemplated in regulation 3(1) in respect of a building, the superintendent shall issue —
- (a) a written site permit to the owner, lessee, or other person who, in his opinion, is in charge of the building;
 - (b) a written lodger's permit to the head of every family who resides in the building and who is not a member of the family of the person contemplated in paragraph (a).
- (2) Every permit issued in terms of sub-regulation (1) shall contain —
- (a) (i) the full names and sex;
 - (ii) the age or, if the age cannot be determined, the age as estimated by the superintendent,
 - of the occupier and every member of his family;
 - (b) the number of the building in which the occupier and his family reside.

Residence in area

6. On the expiration of a period of 30 days from the commencement of these Regulations, no person, other than an occupier and his family, shall stay overnight in the area without the approval of the superintendent.

Authority granted by site permit

7. A site permit authorises the holder and his family to reside in the building subject to the provisions of these Regulations.

Uitgting verleen deur loseerderspermit

'n Loseerderspermit magtig die houer en sy gesin om, onderworpe aan die bepalings van hierdie Regulasies en vir solank daar 'n geldige kontrak tussen die houer en die bewoner bestaan, die gebou saam met die ander inwoners daarvan te bewoon.

Oprigting van gebou en veranderings aan bestaande gebou

- (1) Niemand rig 'n gebou in die gebied op nie: Met dien verstande dat met die voorafverkree skrifteleke toestemming van die superintendent —
 - (a) in die geval van 'n bewoner, 'n ander gebou opgerig kan word indien die gebou waarin hy woon na die mening van die superintendent nie geskik is vir menslike bewoning nie;
 - (b) in die geval van 'n loseerder, 'n gebou opgerig kan word indien die kontrak tussen hom en die bewoner gekanselleer is.
- (2) Niemand bring enige strukturele veranderings aan 'n gebou aan nie: Met dien verstande dat 'n bewoner met die voorafverkree skrifteleke toestemming van die superintendent sodanige veranderings kan aanbring indien die veranderings, na die mening van die superintendent, nodig is vir die instandhouding van die gebou.
- (3) Waar die superintendent toestemming aan 'n bewoner ingevolge subregulasie (1) verleen, moet hy binne sewe dae nadat die gebou voltooi is, hom daarin vestig.
- (4) Waar die bewoner versuim om aan die bepalings van subregulasie (3) te voldoen, kan die superintendent die gebou in daardie subregulasie beoog, laat sloop en hy kan in sodanige geval die materiaal verkry as gevolg van die sloping, van die perseel laat verwyn vir storting op die stortingsterrein in regulasie 12(1) beoog.
- (5) Waar die superintendent toestemming aan 'n bewoner ingevolge subregulasie (1)(a) verleen, moet die bewoner binne 14 dae nadat hy die nuutopgerigte gebou betrek het, op eie koste die vorige gebou waarin hy gewoon het sloop.
- (6) Waar die bewoner versuim om aan die bepalings van subregulasie (5) te voldoen, kan die superintendent die gebou waarin die bewoner gewoon het, laat sloop en hy kan in sodanige geval die materiaal verkry as gevolg van die sloping van die perseel laat verwyn vir storting op die stortingsterrein in regulasie 12(1) beoog.

Instandhouding van gebou

0. Die bewoner hou op eie koste die gebou ten opsigte waarvan 'n perseelpermit aan hom uitgereik is, in stand tot die bevrediging van die superintendent.

Indelikheid**Die bewoner —**

- (1) hou die gebou ten opsigte waarvan 'n perseelpermit aan hom uitgereik is en die perseel op eie koste in 'n skoon en higiëniese toestand tot bevrediging van die inspekteur of die superintendent.
- (2) mag nie vuilgoed, vullis, afval, uitskot of rommel op die perseel hou, vergaar of stort of toelaat dat vuilgoed, vullis, afval, uitskot of rommel op die perseel gebou, vergaar of gestort word nie;

Authority granted by lodger's permit

8. A lodger's permit authorises the holder and his family, subject to the provisions of these Regulation and for such time as a valid contract exists between the holder and the occupier, to reside in the building together with the other occupants thereof.
9. (1) No person shall erect a building in the area: Provided that with the prior written consent of the superintendent —
 - (a) in the case of an occupier, another building may be erected if the building in which he resides is in the opinion of the superintendent not fit for human habitation;
 - (b) in the case of a lodger, a building may be erected if the contract between him and the occupier has been cancelled.
- (2) No person shall effect any structural alterations to a building: Provided that an occupier may with the prior written approval of the superintendent, effect alterations, if such alterations are in the opinion of the superintendent, necessary for the maintenance of the building.
- (3) Where the superintendent grants approval to an occupier in terms of subregulation (1), he shall move to the building within seven days after its completion.
- (4) If the occupier fails to comply with the provisions of subregulation (3), the superintendent may have the building contemplated in that subsection demolished, and in such event he may cause the material obtained as a result of the demolition to be removed from the site for dumping on the dumping site contemplated in regulation 12(1).
- (5) Where the superintendent grants approval to an occupier in terms of subregulation (1)(a), the occupier shall, within 14 days after he has moved into the newly erected building, at his own expense demolish the building he occupied.
- (6) If the occupier fails to comply with the provisions of subregulation (5), the superintendent may have the building occupied by the occupier demolished, and in such event he may cause the material obtained as a result of the demolition to be removed from the site for dumping on the dumping site contemplated in regulation 12(1).

Maintenance of building

10. The occupier shall, at his own cost and to the satisfaction of the superintendent, maintain the building in respect of which a site permit has been issued to him.

Cleanliness

11. The occupier shall —
 - (1) at his own cost, keep the building in respect of which a site permit has been issued to him as well as the site in a clean and hygienic condition to the satisfaction of the inspector or the superintendent.
 - (2) not accumulate or dump, nor shall he allow the accumulation or dumping of filth, dirt, refuse, garbage, or rubbish on the site.

- (3) hou die perseel ten alle tye van onkruid skoon.

Stortingsterrein

12. (1) Die superintendent stel 'n stortingsterrein in die gebied beskikbaar vir die gebruik van elke bewoner en sy gesin.
- (2) Die superintendent lever binne 14 dae vanaf die inwerkingtreding van hierdie Regulasies 'n skriftelike kennisgiving in beide amptelike tale by elke gebou af waarin die ligging van die stortingsterrein in subregulasië (1) beoog by wyse van 'n sketskaart aangedui word.
- (3) Die bewoner moet vuilgoed, vullis, afval, uitskot, rommel of onkruid wat afkomstig is van sy perseel op eie koste op die stortingsterrein stort of laat stort.
- (4) Niemand mag enige vuilgoed, vullis, afval, uitskot, rommel of onkruid op enige ander plek in die gebied as op die stortingsterrein stort of laat stort nie.

Sanitasie

13. Die superintendent voorsien latrines vir die inwoners van die gebied by punte deur hom bepaal en die tipe latrine deur hom goedgekeur.

Water

14. Die superintendent voorsien staankrane vir die inwoners van die gebied by punte deur hom bepaal.

Aanhouding van diere

15. Niemand hou 'n hond, perd, muil, donkie, koei, bok, vark, pluimvee of enige ander lewende hawe in die gebied aan nie sonder die voorafverkreeë skriftelike toestemming van die superintendent.

Verhuur van geboue en huisvesting van sekere persone

16. (1) Die bewoner verhuur of onderverhuur nie die gebou ten opsigte waarvan 'n perseelpermit aan hom uitgereik is nie sonder die voorafverkreeë skriftelike toestemming van die superintendent.
- (2) Die bewoner huisves niemand in die gebou ten opsigte waarvan 'n perseelpermit aan hom uitgereik is nie tensy so iemand deur 'n perseel- of loseerderspermit gemagtig word om die gebou te bewoon.

Bevoegdheid om gebou en perseel te betree

17. Die superintendent of die inspekteur is bevoeg om te alle redelike tye enige gebou of perseel te betree om dit te inspekteer en ondersoek in te stel na enige van of alle aspekte betreffende die sanitasie en standhouding van die perseel en gebou of die nakoming van hierdie Regulasies of enige ander wet wat betrekking het op die gebied deur 'n bewoner en sy gesin.

Intrekking van permit

18. (1) 'n Perseel- of loseerderspermit verval op die datum bepaal in die kennisgiving in subregulasië (2).
- (2) Waar 'n bewoner —
 - (a) deur 'n hof skuldig bevind word aan 'n oordeling van enige van hierdie Regulasies;
 - (b) nalaat of versuim om enige geldte wat ingevolge hierdie Regulasies gehef word binne sewe dae na die betaaldag te betaal;

- (3) at all times keep the site free of weeds.

Dumping site

12. (1) The superintendent shall make a dumping site available in the area for the use of every occupier and his family.
- (2) The superintendent shall, within 14 days, after the commencement of these Regulations, deliver a written notice in both official languages to every building, which notice shall contain a sketch plan indicating the situation of the dumping site contemplated in subregulation (1).
- (3) The occupier shall at his own cost dump, or arrange for the dumping of, filth, dirt, refuse, garbage, rubbish or weeds coming from his site on the rubbish dump.
- (4) No person shall dump filth, dirt, refuse, garbage, rubbish or weeds, or cause any of it to be dumped, on any site or location in the area other than on the rubbish dump.

Sanitation

13. (1) The superintendent shall provide latrines for the occupants of the area at places determined, and the type of latrine approved by him.

Water

14. The superintendent shall provide standpipes for the occupants of the area at places determined by him.

Keeping of animals

15. No person shall keep a dog, horse, mule, donkey, cow, goat, pig, poultry or any other live stock in the area without the prior written approval of the superintendent.

Letting of buildings and accommodation of certain persons

16. (1) the occupier shall not, without the prior written approval of the superintendent, let or sub-let the building in respect of which a site permit has been issued to him.
- (2) The occupier shall not accommodate any person in the building in respect of which a site permit has been issued to him unless such person has been authorised by a site or lodger's permit to occupy the building.

Power to enter building and site

17. The superintendent or the inspector shall have the right at all reasonable times to enter any building or site to inspect it and to investigate any or all aspects relating to the sanitation and maintenance of the site and building or compliance by an occupier and his family with these Regulations or any other law which relates to the area.

Cancellation of permit

18. (1) A site or lodger's permit lapses on the date determined on the notice contemplated in subregulation (2).
- (2) If an occupier —
 - (a) is convicted by a court of a contravention of anyone of these Regulations;
 - (b) fails or neglects to pay any charges levied in terms of these Regulations within seven days after the due date thereof;

- (c) die bepalings van regulasie 9(1), (3) of (5), 10, 11, 12(3), (4) of 15 oortree of versuim om daaraan te voldoen
kan die superintendent die perseel of loseerderspermit waarvan die bewoner die houer is deur middel van 'n skriftelike kennisgewing intrek, welke kennisgewing by die gebou oorhandig word aan iemand wat deur die betrokke permit gemagtig word om die gebou te bewoon en wat oënskynlik ouer is as 16 jaar.
- (3) 'n Bewoner wie se permit ingevolge subregulasie (1) of (2) verval of ingetrek word en wat verbeterings op die betrokke perseel aangebring het of aan wie die gebou behoort of wat 'n belang by sodanige verbeterings of gebou het, kan binne 'n tydperk van 14 dae na die datum waarop die permit verval het of ingetrek is, die verbeterings, gebou of belang, na gelang van die geval, aan 'n ander bewoner van die hand sit of die verbeterings of gebou binne daardie tydperk van die perseel verwyder.
- (4) Waar 'n bewoner nalaat of versuim om die reg uit te oefen wat hy ingevolge subregulasie (3) verkry, kan die superintendent —
(a) die verbeterings verwyder of gebou sloop en die materiaal wat verwyder is of verkry is uit sodanige sloping; of
(b) die verbeterings of gebou,
aan 'n ander bewoner verkoop vir 'n bedrag waarop onderling tussen die superintendent en die ander bewoner ooreengekom word.
- (5) Die opbrengs verkry uit 'n verkoping deur die superintendent ingevolge subregulasie (4) word na die aftrekking van alle bedrae wat die eienaar ingevolge hierdie Regulasie verskuldig is en alle uitgawes aangegaan in verband met die betrokke verwydering of sloping, aan die eienaar betaal of, indien die eienaar nie opgespoor kan word nie, in die Staatsfonds vir onopgeëiste geld gestort.
- (6) Binne 21 dae nadat 'n bewoner se permit verval het of ingetrek is, moet hy en alle lede van sy gesin wat saam met hom woon die gebied verlaat.

Afsterwe van bewoner

19. (1) Waar 'n bewoner sterf, word sy perseel of loseerderspermit deur die superintendent oorgedra aan sy —
(a) weduwee; of
(b) oudste kind, indien hy nie 'n weduwee nalaat nie:
Met dien verstande dat sodanige oordrag onderworpe is aan die verkreë regte van die ander lede van die gesin van die oorledene en aan die verkreë regte van enige loseerde en sy gesin om in die betrokke gebou te woon.
- (2) By die toepassing van subregulasie (1)(a) beteken "weduwee" iemand wat ten tye van die bewoner se dood die vrou van sodanige bewoner was.

Teenwoordigheid in gebied

20. (1) Niemand, uitgesonderd 'n bewoner en sy gesin,

- (c) contravenes or fails to comply with the provisions of regulation 9(1), (3), (5), 10, 11, 12(3), (4) or 15;

the superintendent may cancel the site or lodger's permit held by the occupier by means of written notice, which notice shall be delivered at the building to a person who is apparently older than 16 years of age and who, in terms of the permit, is authorised to reside in the building.

- (3) An occupier whose permit has lapsed or has been cancelled in terms of subregulation (1) or (2), and who has erected improvements on the site concerned or who is the owner of the building or who has an interest in such improvements or building may, within a period of 14 days after the date upon which the permit has lapsed or has been cancelled, dispose of the improvements, building or interest, as the case may be, to another occupier or he may remove the improvements or building from the site within the said period.
- (4) If an occupier neglects or fails to exercise the rights he acquired in terms of subregulation (3), the superintendent may —
(a) remove the improvements or demolish the building, and he may sell the material so removed or obtained from the demolition; or
(a) he may sell the improvements or the building;
to another occupier for an amount mutually agreed upon between the superintendent and such other occupier.
- (5) The proceeds derived from a sale by the superintendent in terms of subregulation (4) shall, after deduction of all amounts owing by the owner in terms of these Regulations as well as all expenditure incurred in connection with the said removal or demolition, be paid to the owner or, if the owner cannot be traced, it shall be paid into the State fund for unclaimed moneys.
- (6) Within 21 days after an owner's permit has lapsed or has been cancelled, he and all the members of his family who reside with him shall depart from the area.

Death of occupier

19. (1) If an occupier dies, his site or lodger's permit shall be transferred by the superintendent to his —
(a) widow; or
(b) eldest child, if he is not survived by a widow:
Provided that the said transfer shall be subject to the vested rights of the other members of the deceased's family and to the vested rights of any lodger and his family to reside in the building.
- (2) In the application of subregulation (1)(a) "widow" shall mean the person who, at the time of the occupier's death, was the wife of such occupier.

Presence in the area

20. (1) On the expiration of 30 days after the commence-

gaan na die verstryking van 'n tydperk van 30 dae na die inwerkingtreding van hierdie Regulasie sonder die voorafverkreeë skriftelike toestemming van die superintendent die gebied binne nie.

- (2) Die superintendent kan weier om toestemming ingevolge subregulasie (1) te verleen of toestemming wat aldus verleent is, intrek indien —
 - (a) hy van mening is dat die teenwoordigheid van die betrokke persoon regstreeks of onregstreeks lei of kan lei of aanleiding gee tot versteuring van die rus en goeie orde in die gebied; of
 - (b) daar 'n gegronde rede daarvoor bestaan.
- (3) Die bepalings van hierdie Regulasie is nie van toepassing nie ten opsigte van —
 - (a) 'n beampte of werknemer van die Staat of 'n plaaslike owerheid;
 - (b) 'n lid van die Suid-Afrikaanse Veiligheidsmagte;
 - (c) 'n geregistreerde geneesheer, verpleegster of vroedvrou;
 - (d) 'n balju, adjunk-balju, geregsbode of adjunk- of assistent-geregsbode, by die uitoefening van sy bevoegdhede of the vervulling van sy funksies of pligte.

Verslag van die inspekteur

21. Die inspekteur doen wanneer nodig skriftelik verslag aan die Streekverteenvoerdiger oor die gesondheidstoestande en sanitêre toestande in die gebied.

Aanmeld van aansteeklike of besmetlike siektes

22. Waar iemand in die gebied aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly, meld die bewoner van die gebou waarin so iemand teenwoordig is of woon, of indien die bewoner nie in staat is om dit te doen nie, die oudste volwasse inwoner van die betrokke gebou, onmiddellik die siekte aan by die superintendent.

Aanmelding van geboortes en sterfgevalle

23. (1) Waar 'n geboorte of sterfgeval in 'n gebou of op 'n perseel plaasvind, meld die bewoner van die gebou of perseel of, indien die bewoner nie instaat is om dit te doen nie, die oudste volwasse inwoner van die gebou onmiddellik dit by die superintendent aan.
- (2) By ontvangs van die inligting in subregulasie (1) beoog, wysig die superintendent die betrokke perseel- ofloseerderspermit indien die geboorte of sterfgeval betrekking het op 'n bewoner of sy gesin.

Openbare vergaderings

24. Geen openbare vergadering, openbare byeenkoms of vermaaklikheid in die gebied duur later as 23:00 sonder die voorafverkreeë toestemming van die superintendent nie.

Dwarsbomming, hinder of belemmering van beampte

25. Niemand mag die superintendent of enige beampte of werknemer in diens van 'n plaaslike owerheid of die Staat by die uitoefening van enige bevoegdheid of die vervulling van enige funksie of plig ingevolge hierdie Regulasies verleen, opgedra of opgelê, opsetlik dwarsboom, hinder of belemmer nie.

ment of these Regulations, no person, other than an occupier and his family, shall enter the area without the prior written approval of the superintendent.

- (2) The superintendent may refuse to grant approval in terms of subregulation (1), or withdraw his approval given in terms of the said subregulation if —
 - (a) he is of the opinion that the presence of the person concerned directly or indirectly leads to or may lead to a disturbance of the peace and good order in the area; or
 - (b) good cause exists for such refusal or withdrawal.
- (3) The provisions of this regulation shall not apply in respect of —
 - (a) an officer or employee of the State or a local authority;
 - (b) a member of the South African Security Forces;
 - (c) a registered medical practitioner, nurse, or midwife;
 - (d) a sheriff, deputy-sherrif, messenger of the court or deputy or assistant messenger of the court,

in the exercise of his powers or the execution of his functions and duties.

Report of the inspector

21. The inspector shall when necessary submit a written report to the regional representative on the health conditions and sanitary conditions in the area.

Reporting of contagious or infectious diseases

22. If a person in the area suffers from a contagious or infectious disease, the occupier of the building in which such person is present or resides, or, if the occupier is unable to do so, the oldest adult occupier of the said building shall immediately report the illness to the superintendent.

Reporting of births and deaths

23. (1) If a birth or death occurs in a building or on a site, the occupier of the building or site or, if the occupier is unable to do so, the oldest adult occupier of the said building shall immediately report it to the superintendent.
- (2) On receipt of the information contemplated in subregulation (1), the superintendent shall amend the site or lodger's permit concerned if the birth or death relates to the occupier or his family.

Public meetings

24. Without the prior approval of the superintendent, no public meeting, public assembly, or amusement shall continue in the area after 23:00.

Obstructing, hampering or interfering with officer

25. No person shall intentionally obstruct, hamper, or interfere with the superintendent, any officer or employee in the employ of a local authority or the State in the exercise of any power or the execution of any function or duty granted, assigned, or imposed in terms of these Regulations.

Dienstegelde

26. (1) Die gelde vermeld in Bylae II van die Regulasies word maandeliks vooruit voor of op die sewende dag van die maand deur die bewoner van die betrokke gebou betaal ten opsigte van die levering van dienste en huisvesting in die gebied.
- (2) Die gelde in subregulasie (1), beoog, word betaal by die kantoor van die superintendent in die gebied met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op die datum waarop hierdie Regulasies in werking tree.
- (3) Die voorgeskrewe gelde in Bylae II van die Regulasies uiteengesit mag van tyd tot tyd deur die Administrateur by kennisgewing in die Offisiële Koerant gewysig word.

Vordering van geld

27. Behoudens die bepalings van regulasie 26 en die reg van 'n bewoner om losiesgeld by wyse van kontrak van 'n loseerde te verhaal, vorder geen persoon enige geld by enige persoon in die gebied ten opsigte van die toeënkennung van 'n perseel, gebou, perseelpermit of 'n loseerdepermit of vir die levering van water of sanitasie-, vullisverwyderings- of enige ander diens nie.

Aanstelling van komitee en voorsitter

28. (1) Die Administrateur kan 'n komitee vir die deurgangsgebied instel.
- (2) Binne 30 dae nadat 'n komitee ingevolge subregulasie (1) ingestel is, verdeel die superintendent die gebied in die aantal wyke, geografies of andersins, wat hy na goeddunke bepaal.
- (3) Die komitee bestaan uit een lid vir elke wyk wat deur die superintendent aangestel word uit bewoners of meerderjarige lede van hulle gesinne.
- (4) Binne 30 dae vanaf die datum waarop hy die gebied ingevolge subregulasie (2) verdeel het, plaas die superintendent 'n kennisgewing in beide amptelike tale op 'n kennisgewingbord in die gebied waarin —
- (a) bewoners en meerderjarige lede van hulle gesinne versoek word om binne 'n tydperk van 30 dae vanaf 'n datum in die kennisgewing gemeld, uit hulle gelede skriftelik 'n maksimum van twee lede per wyk te nomineer om as lede van die komitee te dien;
 - (b) die bewoners en lede van hulle gesinne in paragraaf (a) beoog, verwittig word dat die skriftelike nominasies by die kantoor van die superintendent ingehandig moet word.
- (5) Die bewoner en lede van hulle gesinne kan benoemings inhandig ten opsigte van elke wyk, ongeag of hulle onder die wyk ressorteer al dan nie.
- (6) Binne 14 dae nadat die tydperk beoog in subregulasie (4)(a) verstryk het, stel die superintendent —
- (a) ten opsigte van elke wyk, die persone wat die meeste nominasies ontvang het, aan om as lid van die komitee te dien;
 - (b) Indien twee kandidate in 'n wyk 'n gelyke aantal nominasies ontvang het en die uitslag van die nominasies daardeur geraak word, moet die superintendent van vooraf nomi-

Service charges

26. (1) The charges contained in Schedule II to the Regulations shall be paid monthly in advance on or before the seventh day of the month by the occupier of the building concerned in respect of the supply of services and accommodation in the area.
- (2) The charges referred to in subregulation (1) shall be paid at the office of the superintendent in the area with effect from the first day of the month after the date upon which these Regulations take effect.
- (3) The prescribed amounts set out in Schedule II may be amended from time to time by the Administrator by Notice in the Official Gazette.

Collection of monies

27. Subject to the provisions of regulation 26 and to the right of an occupier to recover lodger's fees by way of contract from a lodger, no person shall collect any money from anybody in the area in respect of the allocation of a site, building, site permit or a lodger's permit, or for the supply of water, sanitation, refuse removal or any service.

Appointment of committee and chairman

28. (1) The Administrator may establish a committee for the area.
- (2) The superintendent shall, within 30 days after the establishment of a committee in terms of subregulation (1), divide the area into the number of wards, geographical or otherwise, he deems fit.
- (3) The committee shall consist of one member for each ward appointed by the superintendent from the occupiers or adult members of their families.
- (4) The superintendent shall, within 30 days from the date upon which he has divided the area into wards in terms of subregulation (2), post a notice in both official languages on a notice board in the area in terms of which —
- (a) occupiers and adult members of their families are requested to nominate, within a period of 30 days from a date stated in the notice, in writing from their ranks a maximum of two members per ward to serve as members of the committee;
 - (b) the occupiers and members of their families referred to in paragraph (a) are informed that written nominations shall be lodged at the office of the superintendent.
- (5) The occupiers and members of their families may lodge nominations in respect of every ward, irrespective of whether they reside within the ward concerned.
- (6) Within 14 days after expiration of the period referred to in subregulation (4)(a), the superintendent shall appoint —
- (a) in respect of each ward, the persons who received the most nominations to serve as members of the committee;
 - (b) if any two candidates in a ward have received an equal number of nominations and the result of the nominations is effected thereby

nasies vir die wyk inwin en is die bepalings van Regulasie 28(4) matatis mutandis van toepassing.

- (7) Waar daar ingevolge subregulasie (4)(a) —
 - (a) geen nominasies ontvang is nie;
 - (b) geen nominasies ten opsigte van 'n bepaalde wyk ontvang is nie;
- stel die superintendent 'n bewoner of meerderjarige lid van sy gesin wat, na die mening van die superintendent bevoeg is om as lid van die komitee dien, aan om elke vakature te vul.
- (8) Die lede van die komitee verkies by wyse van geheime stemming tydens hulle eerste vergadering, 'n voorsitter uit hulle gelede.

Ampstermy van lede van komitee

- 29. 'n Lid van die komitee beklee sy amp vir die tydperk wat die Administrateur bepaal: Met dien verstande dat —
 - (1) die Administrateur te eniger tyd 'n lid van sy amp kan onthef by wyse van 'n skriftelike kennisgewing gerig aan die lid en aangelewer by sy laaste bekende adres in die gebied indien —
 - (a) die Administrateur van mening is dat sy voortgesette lidmaatskap van die komitee, regstreeks of onregstreeks —
 - (i) lei of kan lei of aanleiding gee of kan gee tot versteuring van die rus en goeie orde in die gebied.
 - (ii) die uitoefening van die bevoegdhede of die vervulling van die funksies of pligte van die komitee verhinder;
 - (b) daar 'n gegronde rede daarvoor bestaan;
 - (2) 'n lid sy amp ontruim indien hy sonder die toestemming van die komitee van 3 vergaderings van die komitee afwesig was.

Ontbinding van komitee

- 30. Die Administrateur kan die komitee ontbind indien —
 - (1) hy van mening is dat —
 - (a) die voorgesette bestaan van die komitee lei of kan lei of aanleiding gee of kan gee tot versteuring van die rus en goeie orde in die gebied;
 - (b) die komitee versuim het om enige van sy funksies of pligte te vervul;
 - (2) daar 'n gegronde rede daarvoor bestaan.

Aanvulling van vakature

- 31. Die bepalings van regulasie 28(4), (5), (6), (7) en (8) is matatis mutandis van toepassing waar enige vakature in die komitee ontstaan of waar die komitee ingevolge regulasie 30 ontbind word: Met dien verstande dat die kennisgewing in subregulasie (4) van daardie regulasie beoog, moet geskied binne 30 dae vanaf die datum waarop die vakature ontstaan het of die komitee ontbind is, na gelang van die gevall.

Vergaderings

- 32. (1) Die voorsitter, of, in die geval van die eerste ver-

the superintendent shall afresh invite nominations and the terms of section 28(4) shall be applicable mutatis mutandis.

- (7) If in terms of subregulation (4)(a) —
 - (a) no nominations are received;
 - (b) no nominations are received in respect of a particular ward;
- the superintendent shall appoint an occupier or adult member of his family who, in the opinion of the superintendent, is fit to serve as a member of the committee to fill each vacancy.
- (8) The members of the committee shall by secret vote ballot during their first meeting elect a chairman from their ranks

Tenure of office of members of committee

- 29. A member of the committee shall occupy his office for the period determined by the Administrator: Provided that —
 - (1) the Administrator may at any time remove a member from his office by means of a written notice addressed to the member and delivered at his last-known address in the area, if —
 - (a) the Administrator is of the opinion that his continued membership of the committee, directly or indirectly —
 - (i) leads to or may lead to or causes or may cause a disturbance of the peace and good order in the area;
 - (ii) obstruct the exercise of the powers or the execution of the functions or duties of the committee;
 - (b) there is good cause for such dismissal;
 - (2) a member shall vacate his office if he is absent from three meetings of the committee without the leave of the committee.

Dissolution of committee

- 30. The Administrator may dissolve the committee if —
 - (1) he is of the opinion that —
 - (a) the continued existence of the committee leads to or may lead to or causes or may cause a disturbance of the peace and good order of the area;
 - (b) the committee has failed to perform any of its functions or duties;
 - (2) there is good cause for such dissolution.

Filling of vacancies

- 31. The provisions of regulations 28(4), (5), (6), (7) and (8) shall apply mutatis mutandis if any vacancy occurs on the committee or the committee is dissolved in terms of regulation 30: Provided that the notice referred to in subregulation (4) of the said regulation shall be given within 30 days after the date upon which the vacancy occurs or the committee is dissolved, as the case may be.

Meetings

- 32. (1) The chairman, or in the case of the first meeting

gadering van die komitee, bepaal die superintendent die datum, tyd en plek van elke vergadering van die komitee en stel elke lid minstens 24 uur voor sodanige vergadering skriftelik daarin in kennis by sy laaste bekende adres in die gebied.

- (2) Die kennisgewing in subregulasie (1) beoog, meld die aangeleenthede wat tydens die vergadering bespreek gaan word: Met dien verstande dat 'n meerderheid van die lede teenwoordig tydens 'n vergadering kan besluit om enige ander aangeleenthed wat betrekking het op die funksies en werkzaamhede van die komitee op die agenda te plaas vir behandeling.
- (3) In die geval van die eerste vergadering van die komitee sit die superintendent voor totdat die komitee 'n voorsitter verkies het.
- (4) Waar die voorsitter afwesig is, verkies die oorblywende lede op 'n wyse deur hulle bepaal een uit hul gelede om as voorsitter op te tree.
- (5) Die meerderheid van die lede van die komitee soos ooreenkomsdig regulasie 28 aangestel, maak 'n kworum vir 'n vergadering van die komitee uit.
- (6) Die komitee vergader minstens een keer elke maand.
- (7) Besluite van die komitee tydens vergaderings word geneem by meerheidstem, stemming geskied deur 'n opsteek van hande en in die geval van 'n staking van stemme het die persoon wat tydens die vergadering voorsit 'n beslissende stem.
- (8) Die superintendent hou 'n skriftelike notule word op die eersvolgende vergadering van die komitee vir goedkeuring voorgele.

Bevoegdhede, funksies en pligte van komitee

33. (1) Die komitee dien as skakel tussen die superintendent en die bewoners van die gebied en kan aanbevelings ten opsigte van enige aangeleenthed betreffende die belang van die inwoners aan die superintendent doen.
- (2) Alle geskille tussen die komitee en die superintendent word na die streekverteenvwoerdiger verwys vir beslissing.

Oortreding en strawwe

34. Iemand wat —
 - (1) regulasie 3(2), 6, 9(1), (2), (3) of (5), 10, 11, 12(3) of (4), 15, 16, 20, 22, 23(1), 24, 25, 26 of 27 oortree of versuim om daaraan te voldoen;
 - (2) sonder die magtiging van die superintendent —
 - (a) enige dokument wat op die kennisgewingborg in regulasie 2(2)(c) beoog, vertoon word;
 - (b) enige nommer wat ingevolge regulasie 4 vertoon word, ontsier, beskadig of verweder,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar —

 - (i) waar so iemand nie voorheen aan 'n oortreding van hierdie Regulasie skuldig bevind is nie, met 'n boete van hoogstens R500 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens

